

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Wonderboompoort

Dit is eienaardig hoe een ding kan lei tot 'n ander. Dit het alles begin by die vraag oor die watervoorsiening aan die forte. Ek wou kyk of ek nie dalk 'n foto kon opspoor waarop die waterpype sigbaar is nie. Onderstaande is 'n foto van Wonderboompoort [uit die versameling van Tom Andrews]. Ek wil graag weet, die horisontale strepe links van die waghuis. Is dit waterpype of 'n versperring [heining]? Ongelukkig is die foto nie baie duidelik nie, maar is daar miskien iemand wat kan help!!!!



Deur die poort voor 1900

In my soeke na inligting oor Wonderboompoort het ek op die volgende beskrywing afgekom in 'n ou Pretoriana. [No. 81 Jul 1981 p 92] Dis is geskryf deur mej. Hettie Cilliers toe sy 96 jaar oud was. Hier volg 'n verkorte weergawe daarvan

Toe ek as kind met Wonderboompoort kennis gemaak het [omstreeks 1892] was die wildernis daar vir my onbeskryflik mooi en geheimsinnig. Selde of ooit het 'n mens 'n ander rytuig of iemand daar teekom.

Van ons plaas omtrent 18 myl van Pretoria, moes ons deur Wonderboompoort wanneer ons dorp toe ry. Hoe goed onthou ek die senuweeagtige opgewondenheid, die heerlike bang van 'n kind, as ons in my pa se kapkar met twee perde by die Poort aankom. Die Poort en Apiesrivier! Sê nou maar die rivier is vol? Sê nou maar die water is te sterk om deur te ry. Ons ry 'n ent langs die Apiesrivier wat links van die pad stil en rustig vloei tussen sy oewers van riet en palmiet. Weerskante is loodregte kranse en beboste klowe. Skielik is ons by die drif, 'n steil afdraand, knikkend skuif die kar oor die massa los klippe aan weerskante van die stroom en meteens sak die wiele weg in die diep water wat byna tot aan die nawe raak. Ek klou krampagtig vas en hou my asem op. . . Gelukkig word dit gou vlakker. Die perde ruk hul koppe op, trap vas en beur die kar die hoogte anderkant uit. Nou kan ek weer ontspan. Ons is nou deur Wonderboompoort en amper in die dorp. Nog net sowat drie myl grasvlakte, verby Eloff se plantasie en dan is ons daar.

Die Poort gesluit

Tant Hettie vertel verder: So ver as ek kan onthou was Wonderboompoort nog net eenmaal gesluit. Ek dit was in die tweede Vryheidsoorlog nadat Lord Roberts Pretoria ingeneem het. Na 'n paar maande is boeremense in die distrik darem toegelaat om met 'n permit die dorp binne te gaan – al was dit dan ook onder die strengste regulasies. By Wonderboompoort was twee wagte gestasioneer, een voor die Poort aan Pretoria se kant en een in die Poort, met die opdrag om die ryvas van elke verbyganger noukeurig te lees en verdagte rytuie te “visenteer”. Baie mense het gebruik gemaak van hierdie “gunsbewys” om tog maar net by 'n winkel te kan kom. Want in die plaaswonings was daar skaars nog so iets as suiker, sout, kerse en vuurhoutjies te kry.

Iemand wat nie versuim het om haar pas in die hande te kry nie was Margaretha [Ita] Malan van Haartbeeshoek, agter Magaliesberg; dieselfde plaas waar haar broer Danie Malan sy boomkwekery begin het en waar die “Malan-broers” vandag nog daarmee voortgaan. Met 'n molwaentjie en span osse – al die plaasperde was lankal opgeëis vir kommandodiens – het Ita tweemaal per week deur Wonderboompoort gery met 'n vraggie vrugte en groente vir die mark en teruggekom met allerhande benodighede wat sy in die winkels gekoop het. Haar broertjie, Danie en sy nefie Pieter, kinders van sowat elf en twaalf jaar, en ook 'n swart touleiertjie het haar gereeld vergesel. Sy het ook gehelp om Jan Celliers deur die poort te smokkel.

[Van haar familie wat ek gekontak het beweer sy het oor Hornsnek en nie deur Wonderboompoort gery.]

Jan F.E. Celliers ontsnap deur Wonderboompoort.

Teen die middel van 1900 het die digter Jan Celliers 'n aantal krygsgevangenes na Pretoria begelei en hy was nog in die hoofstad toe dit in vyandelike hande geval het. Met die dag van die Britse inname van Pretoria, 5 Junie 1900, kon hy by gebrek aan 'n ryperd nie betyds wegkom nie en moes gevolglik in sy eie huis wegkruip.

Oor sy gedwonge skuilhouding en die avontuurlike ontvlugting wat daarop gevolg het, het ons 'n beskrywing van sy eie hand wat in *Die Brandwag* verskyn het.

“Aldag dieselfde, nou al maande lank, in die voorste kamer op 'n stoel, 'n boek in die hand, die gordyn amper tot onder neergetrek, sodat ek oor die boek net onder die gordyn deur kon kyk op die tuinhokkie. Daar kom weer 'n Kakie in. Amper te laat gesien, woerts! , is ek onder die vloer. My vrou trek tapyte oor die luikie, en sy is die reine onskuld vir die Kakie, wat wil weet hoeveel mense daar in die huis is, - waar die man is. Op kommando natuurlik.”

Sy huis was in Kotzestraat 166. Vandag is daar 'n woonstel op die perseel. Aan die onderkant van die luik het hy die volgende woord uitgekerf. “Hier het ek weggekruip. Augustus 1900. Jan F.E. Celliers.” Die luik word bewaar in die Jan Celliers-skool in Johannesburg.

Sy ontsnapping is blykbaar deur die “Kappiekommando” van Pretoria beplan met mev. Genl. Joubert as die hoofplanmaker. Jan het hom as 'n vrou vermom. In sy eie woorde. “Ek het 'n rok aan. Oor my skouers 'n mantel met hoë opgeslaande kraag, om my kort hare van agter toe te maak; op my hoof 'n reguit-rand strooihoed, met 'n sware sluier oor my gesig; 'n paar handskoene aan, my voete in 'n paar uitgetrapte dameskoene, met taamlieke hoë hakke.”

Mev. Joubert het haar dogter, mev. Malan en die se twee seuntjies met 'n perdekar gestuur om Jan te gaan oplaai. Hulle ry oor Leeubrug in die rigting van Kerkplein tot by die huis van Ds. Bosman. Daar moes hy oorklim in 'n trolliewaentjie met twee osse. Sy metgeselle is twee seuntjies van 12 en 13 jaar. Dit is die waentjie waarmee Ita Malan groente na Pretoria aangery het.

Die volgende beskrywing kom uit 'n Pretoriana van 1971. Dis op die middel van die dag. Die wind dreig om sy hoed af te waai. Die stof is hinderlik. By Hovesdrift waar hulle die Apiesrivier weer oorsteek op die bekende pad na die noorde, gaan hulle 'n klomp Engelse soldate verby wat daar hulle perde water gee. Hulle gaan 'n groot kamp van Engelse soldate verby; dan by Eloff se plantasie verby waar die eerste wagte hulle deurlaat; dan deur Wonderboompoort waar hulle by nog 'n wagpos moes verbygaan, elke keer met die nodige spanning en benoudheid; vandaar agter die Magaliesberg weswaarts tot hulle teen sonder die huis van die Malans bereik.

Net die volgende oor die Malans en Jouberts.

Ek het die Malans van die stukkie geskiedenis opgespoor in die boek *die Malans van Suid-Afrika. Geskiedenis en Geslagsregister*.

Hendriena Susanna Johanna Joubert [1864-1931] dogter van genl. Piet Joubert trou in 1884 met Abraham Hugo Malan [1860-1910]

Abraham Hugo Malan se broerskind was Margaretha Magdalena [Ita] Malan [1878-1946] en sy trou in 1903 met Jan Abraham Joubert [1872-1924], die jognste seun van genl. Piet Joubert.

In die boek *Die betrokkenheid van die Malans in die tweede Vryheidsoorlog* word genoem dat albei die vrouens betrokke was by die spioenasiewerk van kaptein J.J. Naude in Pretoria.

Die volledige bronnelys is beskikbaar indien u meer inligting soek.

Die volgende van Anton van Vollenhoven oor die watervoorsiening van die forte.

Ek weet nie of ek verlede maand se brief misgelees het nie, maar ek wil graag reageer op Johan Wolfaard se antwoord. Water is gewis nie van die Apiesrivier af na Fort Daspoortrand gepomp nie. Dis eenvoudig te ver. Daar is wel 'n spruit aan die suidekant van die berg, waarvan die naam my nou ontgaan het. Water is van daar af gepomp.

Die Paff versameling is 'n ander gemors. Ek het so twee jaar terug na die Parlementsbiblioteek gegaan om daarna te kyk. Na 'n vreeslike gesukkel, en dit nadat ek vooraf daarvoor gereel het, was daar uiteindelik iemand wat my kon help. Toe moet ons die Paff-versameling soek. Uiteindelik is dit onder in 'n ingeboude kas in een van die gange gevind – glad nie baie professioneel nie.

Dit het ook vir my gelyk of die lêers nie volledig was nie. Ek kan bv. glad nie onthou van foto's wat wys hoe waterpype gelê is nie. En glo my, as dit daar was sou ek daarvan kennis geneem het. Daar is wel foto's van die lê van kables by die verskillende forte. Ek het daarna verwys in die vorige uitgawe van Pretoriana – 114 van 2001.

Frank van der Tas het gevra dat ek die volgende onder u aandag bring:

Op die Kyknet program Spits is daar Dinsdag 2 September om 20:00 'n insetsel oor die verval van die Kerkstraatbegraafplaas. Vir meer inligting kontak Frank by 082 823 4567

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel